

No. 93

September 2009

*Hierdie geïllustreerde nuusbrieff bied die jongste botaniese nuus en menings oor die fynbostoneel. Dit verskyn ook op ons webtuiste [www.fernkloof.com](http://www.fernkloof.com)*

## CHELSEA DESKUNDIGES SAL DIE HERMANUS LENTEBLOMMESKOU ONTWERP

Die "Royal Horticultural Society" se Chelsea Blommeskou is legendaries. Nou gaan die Hermanus Botaniese Vereniging hierdie maand Suid-Afrikaanse bedrewenheid van hierdie beroemde geleentheid by die "Flower and Eco Fair" (Blomme- en Eko-fees), die nuwe naam vir ons lenteblommeskou, aanbied.

Spanlede van Suid-Afrika se bekroonde uitstalling by die 'Chelsea Flower Show', David Davidson en Riaan Maritz is besig om 'n uitsonderlike blommeskou vir die Hermanus-geleentheid (17 tot 20 September in die Fernkloof Natuureservaat) te ontwerp en te konstrueer en dis moeilik om te bepaal wie van die betrokkenes mees ingenome is.

Dit het alles begin toe die plaaslike blommerangskikkingshoof, Jessica Mitchell, 'n Chelsea-foto in die Kaapse media gesien het en die Hermanus-gevestigde Riaan van "The Garden Company" geskakel het oor 'n tegniese puntjie. Hy het sy hulp aan die Hermanuskou aangebied en Jessica stomgeslaan toe hy verder gegaan en David Davidson se deskundigheid ook aangebied het. David sal ook praatjies lewer oor sy 16 jaar ondervinding by Chelsea vanwaar hy meer as daardie getal goue medaljes huis toe gebring het.

David sê dat hy nie eintlik 'n CV byhou nie omdat dit altyd soos iemand anders s'n klink. Hy het die grade Sielkunde Honneurs en Kliniese Maatskaplike Werk aan die Universiteit Stellenbosch verwerf maar wat hy eintlik wou studeer is Plantkunde, sy groot passie. Hy moes eintlik 'n kursus in die Skone Kunste of Grafiese Ontwerp gevolg het - maar hy het nie. Desnieteenstaande het hy al meer as 40 dekors vir amateur en professionele toneelopvoerings ontwerp en geskilder.

"Ek het ook vir 17 jaar as Hoof van die Grafiese Dienste-eenheid by die Nasionale Botaniese Instituut gewerk en my belangrikste verantwoordelikhede daar het ontwerp en produksie van korporatiewe en tuinboukundige publikasies ingesluit. Skoue en uitstallings, wat deel van daardie portefeulje was, is die rede waarom ek vir die afgelope 16 jaar betrokke geraak het by die ontwerp en konstruksie van die Kirstenbosch-Suid-Afrikaanse uitstalling by die "RHS Chelsea Flower Show". Dertig goue medaljes is reeds aan die uitstalling toegeken en is verlede jaar ook bekroon met die nuut ingestelde 'President's Most Creative Award' (Presidentstoekening vir die Mees Kreatiewe Uitstalling.)" Hy was ook verantwoordelik vir die Suid-Afrikaanse tuin by die "Royal Flora Expo" wat in 2006/07 in Chiang Mai, Thailand aangebied is en hy is uitgenooi om 'n fantasietuin vir die "Singapore Garden Festival", wat vir die tweede keer in Julie verlede jaar aangebied is, te skep.

Hy is tans lid van die ontwerpspan wat voorberei vir die "Design 2050"-konferensie wat later hierdie jaar in Singapoer gehou word. Hy werk sedert Oktober 2000 as vryskut grafiese-ontwerpkonsultant.

Riaan Maritz het hom hierdie jaar as vrywilliger by die "South African Chelsea Flower Show"-span aangesluit - 'n goedgekwalifiseerde. As die inspirerende eienaar-bestuurder van "The Garden Company", 'n Hermanus landskaponderneming, ken hy tuine, hy is lief vir al die verskillende soorte tuine en spesialiseer in inheemse formaat. Hy is in sy derde studiejaar by UNISA. Hy het opleiding ontvang in Informatiewe Tegnologie en konstruksie, beide nou gerig op sy groot liefde, tuinontwerp.

Dit is 'n gedugte kombinasie van blommekundigheid. Die Hermanus Botaniese Vereniging bedank hulle hartlik vir 'n wonderlike bydrae tot 'n klein maar besondere skou wat help om die groter omgewing daaromheen te bewaar en te versorg.



## **DIT IS DIE PRENTJIE WAT DIE VOORAANSTAANDE SA CHELSEA BLOMMESKOUSPAN NA DIE FERNKLOOF BLOMME EN EKO-FEES BRING.**

Met sy alombekende agtergrond van Duiwelspiek en manjifieke voorgrond van proteaceae, is dit maklik om die Kirstenbosch-etiket aan hierdie puik prentjie te vestig. Dit is die 34ste jaar dat die Kirstenbosch-Suid - Afrikaanse

span deelgeneem het aan die "internasionale blomme-olimpiade" en die dertigste goue medalje wat hulle verwerf het.

### **ONS SKOU VERANDER HIERDIE JAAR.....**

- Hermanus Wildeblomfees het nou die Blomme en Eko-fees geword.
- Die Hermanus Botaniese Vereniging sal in vennootskap tree met die Overberg Bewaringstigting (OCF) wat 'n uitstalling van omgewingsvolhoubaarheid in die markiestent sal aanbied, terwyl hulle wys wat gedoen moet word om hierdie lewenstyl toe te pas en in die proses die bewaring van biodiversiteit en fynboshabitat te verseker. Opvoedkundige en informatiewe inligtingsborde sal gerugsteun word deur praktiese demonstrasies en praatjies.
- Die mini-tuine in die amfiteater sal vervang word deur omgewingsprojekte en sakke vol pret en speletjies vir die kinders.
- 'n Lente-uitverkoop by die Fernkloof se Inheemse Plante-kwekery sal vir tuiniers winskope bied.
- Honderde botaniese eksemplare van die Overberggebied sal op uitstalling wees.
- Heerlike tee en middagetes sal bedien word.

**Geraldine Gardiner**

## **'N BOODSKAP VAN GRANT FORBES - FERNKLOOF SE NUWE BESTUURDER**

Dankie aan almal vir die hartlike verwelkoming wat my te beurt geval het in die eerste weke hier by Fernkloof. Ek dank die Overstrand Munisipaliteit vir die geleentheid wat hulle my gebied het en ek sien uit na die uitdaging vorentoe.



Ek het van 2005 tot 2007 'n Nasionale Diploma in Natuurbewaring aan die Kaapse Skiereiland-Universiteit van Tegnologie voltooi en my indiensopleiding by die Overstrand Munisipaliteit gedoen. Ek het in 2008 as 'n student by Fernkloof Natuurreservaat gewerk waarna ek werksaam was by Flower Valley Conservation Trust as 'n navorsings-assistent betrokke by die volhoubare oesprogram op die Agulhasvlakte. Ek was ook betrokke by fynbosleweransiers, bestuur van die Trust se reservaat, hulpbrononderlegde opnames en het in die herbarium geassisteer. Ek voltooi tans die finale jaar van my Baccalaureus-graad in Natuurbewaring en hoop om aan te gaan met 'n Meestersgraad.

Die bewaring en beskerming van ons omgewing was nog altyd my passie. Ons moet kyk na langtermyn volhoubare beplanning en dit begin by ons hier by Fernkloof. Fernkloof Natuurreservaat is baie besonder en uniek, 'n estetiese bate maar ook ryk in biodiversiteit. Die Reservaat moet bewaar word vir huidige en toekomstige geslagte.

In my hoedanigheid as bestuurder van Fernkloof, lê daar baie dringendesake op my lessenaar waarvan die belangrikste is die opstel van 'n jaarplan van aksies vir die Reservaat, die finalisering en afhandeling van die Reservaat se bestuursplan, voetpadonderhoud, skoonmaak van indringers, vuurbeheer, ekologiese monitering en die bestuur van die bobbejaan en mens interaksie situasie. Ons beplan ook 'n opwindende geleentheid vir boomplantdag en sal u ingelig hou - hou u oë oop in die tuin.

Ek dank die Hermanus Botaniese Vereniging vir hulle ondersteuning, hulle betrokkenheid by Fernkloof en die werk wat verrig word. Die rykdom van hulle kennis is 'n waardevolle hulpbron en sal vir my 'n groot hulp wees in die bestuur van Fernkloof. Ek sal my bes doen om te verseker dat dit die juweel van die Overberg kan word!

Ek is van Maandag tot Vrydag op 028-313 8100 beskikbaar in die Fernkloofkantoor.

U kan by [gforbes@overstrand.gov.za](mailto:gforbes@overstrand.gov.za) met my in aanraking kom.

## WAT BLOM IN FERNKLOOF?

### ZALUZIANSKYA

Daar is ongeveer 55 spesies Zaluzianskya in Suider-Afrika, maar slegs drie in die Overberg. Die plant is 'n jaar- of meerjarige kruid wat tot die Scrophulariaceae-familie behoort, blom van Julie tot November en word swart wanneer hy verdroog.

Baie mense wonder waar hierdie relatief seldsame S.A. plant sy romantiese naam vandaan kry. Hy is vernoem na die 16de eeuse Boheemse plantkundige/medikus wat die eerste man was wat betoog het vir die skeiding tussen plantkunde en medisyne en, jare voor Linnaeus, vir 'n universele klassifikasie van plante.

Die belangrikste werk van Adam Zaluziansky van Zaluziana (1558-1613) was 'Methodi herbariae libri tres', wat in 1592 in Praag gepubliseer is.

Sy benadering tot die moderne wetenskaplike standpunt kan as volg verklaar word: "Dit is gebruikelik om medisyne met plantkunde in verband te bring, dog wetenskaplike behandeling vereis dat ons elkeen afsonderlik moet beskou. Dit is immers 'n feit dat in elke kunsrigting, teorie losgemaak en geskei moet word van die praktyk en die twee moet afsonderlik en individueel in behoorlike volgorde behandel word voordat hulle verenig word. En om daardie rede, sodat Plantkunde (wat in der waarheid 'n besondere tak van Natuurkunde is) op sigself 'n eenheid kan vorm voordat dit met ander wetenskappe in verband gebring kan word, dit afgeskei en losgemaak moet word van Medisyne."

*Zaluzianskya villosa*

*Zaluzianskya villosa* met sy duidelike Y-vormige wit of ligpers kroonblare en geel oog, word hoofsaaklik in plat, sanderige gebiede langs die kus aangetref.

*Zaluzianskya capensis*

*Zaluzianskya capensis* of "drumsticks", wat tans blom, het wit blomkroonlobbe met 'n rooi keersy. Die Afrikaanse naam vir *Zaluzianskya* is "verfblommetjie", wat verwys na die gebruik van die blomme as 'n bron van kleurstof. Die blom wat na die aand se kant oopgaan, se sterk reuk trek sy bestuwer, 'n mot, aan.

**Christine Wakfer**

## RESTIOS VAN FERNKLOOF NATUURRESERVAAT

Uittreksel uit 'n veldgids oor restios van Fernkloof Natuurreservaat word deur die outeurs voorberei:

Baie stappers praat met bewondering van die verskeidenheid en skoonheid van die "grasse" wat hulle tussen die fynbos sien. Dikwels, egter, is dit nie grasse nie, maar 'n fynboskategorie, bekend, nie net ter wille van die sierlikheid van sy eksemplare nie, maar ook vir die verwarring wat ondervind word met hulle identifikasie.

Hierdie verwarring begin by die familienaam. Hoewel die botaniese familie "Restionaceae" genoem word, en sy lede algemeen bekend staan as



*Elegia filacea*.manlik

"restios", sluit die familie die genus "Restio" saam met baie ander genera in. Dus, net so min as wat hulle gras is, net so is nie alle restios Restios nie.

Fynbosplantegroei is struikgebied wat gekenmerk word deur die teenwoordigheid van vier families van planttipes. Hulle is proteoides (proteas), ericoides (heide-agtige ericas), geofiete (plante wat met bolle groei) en restioides (riete). Dit is inderdaad die teenwoordigheid van restioides wat fynbos onderskei van ander heide-of struikgebied plantegroei tipes. Restios is nie tot die Kaapse blommekoninkryk beperk nie. Daar is 330 restio-spesies in Afrika, 150 in Australië, vier in Nieu-Seeland en slegs enkel spesies elk in Suidoos-Asië en Suid-Amerika.

Binne die Kaapse blommekoninkryk huisves die Kogelbergbiosfeer oor 'n 100 restio-spesies. Fernkloof Natuurreservaat beskik oor 57 spesies binne 13 genera met 'n verdere 5 spesies in die kusgebied aangrensend aan Hermanus.



*Elegia spathacea* :vroulik

Restios is nòg grasse, nòg waterbiesie, nòg palmiet. Omdat hul blare gereduseer is tot skedes, het die groen stingels (halms) die vervaardiging van voedsel vir die plant oorgeneem (deur middel van die son, koolsuurgas en water) wat gewoonlik in ander plante deur die blare gedoen word.

Om 'n "restio" te kan wees, moet 'n plant soliede stingels met knope hê. Die skedes mag teenwoordig wees, (blywend) of afgeval het, waardeur 'n donker ring bo die knoop gelaat word. Indien teenwoordig, sal hulle altyd tot by die knoop gespleet wees. Die skedes het nie dieselfde funksie as wat blare in ander plante het nie. Anders as die ander families waarmee hulle verwar kan word, het restio-spesies afsonderlike manlike en vroulike plante (hulle is tweehuisig). Die verskille tussen manlike en vroulike plante van dieselfde spesie kan aansienlik wees waar die manlike plant kleurvoller en "oop" in voorkoms sal wees as die vroulike plant. In sommige spesies, egter, kan dit baie moeilik wees om manlike en vroulike plante uit te ken, maar beide die manlike en vroulike plante van dieselfde spesie sal eenderse groei-aspekte ten opsigte van skedes en stingels hê. Hoewel manlike en vroulike plante dikwels naby mekaar groei, kan hulle ook relatief ver van mekaar groei.

Beide manlike en vroulike restioplante bring blomme voort. Omdat die blommetjies so klein is, is hulle taamlik onopvallend, maar beloon beslis nadere ondersoek, verkieslik met 'n vergrootglas. Die blomme is dikwels gedeeltelik versteek deur skutblare en die hele aartjie blomme is gewoonlik gedeeltelik bedek deur 'n blomskeide. Manlike blomme produseer massas geel stuifmeel en vroulike blomme het wit, ligroos of bruinrooi style, dikwels veeragtig om stuifmeel op te vang.



*Hypodiscus laevigatus* :  
manlik

Restio's word deur wind bestuif en manlike restio's is besonder verkwistend met hul stuifmeel. Deur aan die stingel van 'n manlike restio in blom te tik sal 'n wolk stuifmeel vrygestel word aan welke ontvanklike vroulike blomme in die omgewing is. Met soveel stuifmeel in die lug, moet die stuifmeelkorrels en hul soortgelyke reseptors natuurlik baie spesifiek wees vir die verskillende spesies. Ten spyte hiervan, egter, kom verbastering tussen spesies van 'n besondere genus soms voor.

Die vrug wat op die vroulike plant gevorm word verskil aansienlik in grootte van spesie tot spesie. Restio-vrugte kan voorkom in die vorm van neut, klein neut (dikwels gevleuel) of kapsules met klein saadjies. Sodra die vrug ryp is, val dit van die plant af en word of deur die wind (indien baie klein) of deur miere (en moontlik muise, hoewel dit nog bevestig moet word) versprei. Die vrug van sekere spesies ontwikkel 'n sappige band om die basis, genoem 'n elaiosoom waarvan die ganse

funksie is om miere te lok. Die miere dra die neute, steeds met die gesogte voedsel daaraan, na ondergrondse bergplekke waar die elaiosoom geëet word. Die saadjies lê veilig ondergronds totdat die hitte en rook van vuur ontkieming in die verrykte grond van die miernes stimuleer. Baie verskillende genera binne die familie kan in die veld onderskei word deur die teenwoordigheid van sigbare kenmerke. Die mees treffende lede van die restio-spesies van Fernkloof sal in 'n opvolgende artikel beskryf word.

**Pat Miller en Anina Lee**

## WERELDKLAS!

Hierdie is 'n foto wat deur Christine Wakfer van *Viola decumbens* in die brand bokant Hermanus Heights geneem is. Ons het dit aan die wêreldkenner van die Viola-familie, Kim Baxland, in die



Verenigde State, gestuur om haar te herinner aan haar besoek aan Fernkloof vier jaar gelede. Sy was so ingenome met die foto dat sy beplan om dit haar beeldskerm te maak.

Sy het geskryf: "Ek het geles dat *Viola decumbens* baie goed groei na brande, 'n aanpassing by omgewings-omstandighede. Waarskynlik addisionele voedsel wat in die bogrond vrygestel is en verminderde mededinging vir sonlig. Ek weet van geen ander violetspezie in die wêreld wat in soortgelyke omstandighede leef nie hoewel een van die Suid-Amerikaanse rosetvormige violette bekend is as 'n pionierspezie wat berghange na vulkaniese uitbarstings herbegroei."

Kim werk tans aan 'n boek oor die violette van Noord-Amerika. Sy het Alaska en noordelike Yukongebied in Kanada, amper by die Arktiese sirkel, verlede maand besoek waar sy die laaste violet wat sy nodig gehad het om haar projek te voltooi, gevind en gefotografeer het.

Sy werk ook al verskeie jare saam met 'n jong botanis, Thomas Marcussen van Noorweë oor die evolusie van violetspepies in die wêreld. Deur chromosoomontleding het hy vasgestel dat violette hulle ontstaan in Suid-Amerka gehad het, na Noord-Amerika versprei het en toe oor na Asië en Europa. Dit is die teenoorgestelde van wat oorspronklik gedink is, en dus opwindend. In die proses het hy getoon dat verskeie Noord-Amerikaanse subspesies en hibriede eintlik nie verwant is nie en spesies in eie reg is. Vir hulle gesamentlike publikasie moet Kim sketse maak van die style van die violette van elk van die taksonomiese groepe om hul evolusie te illustreer. Miskien is ons eensame spesie 'n oorblyfsel van Gondwanaland-dae?

**Geraldine Gardiner**

## VOORSITTERSVERSLAG

2009 se winter was sover hoofsaaklik gematigd en droog, met sporadiese koue en enkele buie. Dit het voorgekom asof die reën huiwerig was om dit "oor die berg" te waag; dit ly geen twyfel nie dat die inwoners van die deurweekte en windverwaaide Skiereiland 'n verandering in dié patroon sou verwelkom. Alhoewel reën broodnodig is en welkom sal wees wanneer dit aankom, sal ek duim vashou dat dit net vir die vier dae van die Blomme en Eko-fees sal wegbly! Vier dae se sprankelende lenteweer sal dān baie welkom wees.

Hierdie jaar se blommeskou beloof om 'n besondere geleentheid te wees en beplanning van die verskillende aspekte van die skou begin momentum kry. Botsoc is baie gelukkig om van die (vrywillige) diens van David Davidson - ontwerper van SA se "Chelsea Flower Show"-uitstalling en wenner van vele goue medaljes by CFS - en Hermanus se eie Riaan Maritz van "The Garden Company", gebruik te kan maak om hierdie jaar se uitstalling te ontwerp en te bou. "Mooi so" vir Jessica Mitchell vir die insiëring van hierdie wonderlike gebeurtenis. Dit gaan skouspelagtig wees en een wat nie misgeloop moet word nie. Die "Eko-tent" sal gelaai wees met inligtinggewende en bekorende

uitstallings en pret. Kinderaktiwiteite sal vir ouers en grootouers 'n welkome blaaskans gee. "Ou gunsteling" soos die heerlike, altyd beskikbare kos, sal steeds daar wees, en die kwekery sal oor die skoutydperk 'n uitverkoop van alle plante aanbied.

Ons vorige fondsinsamelingsprojek, die "Cocktail for Fynbos", met 'n stil wynveiling om die Wyn en



Voedsel-jaarmark wat op 14 Augustus plaasgevind het te open, was finansiëel ongelukkig nie so suksesvol as in die voorafgaande jare nie. Ten spyte van uithalerpogings, is min kaartjies verkoop en die aand het net onder R10 000 opgelewer. Die aand self was baie genotvol; daar was 'n wonderlike keur van wyne om te proe gepaardgaande met heerlike versnaperings. Die markiestent was getooi met skouspelagtige fynbosrangskikkings wat deur Christine Ross (links), Sue Taylor en Ann Harvett gedoen is. Hierdie dames het ook 'n indrukwekkende uitstalling oor Botsoc saamgestel met insiggewende inligtingsborde en pragtige fynbosuitstallings. Ons hartlike dank aan hulle omdat hulle ons beste front by die geleentheid vertoon het.

Werk aan die Rooiroete-herstelwerk het 'n aanvang geneem met die skenking van PSG. Stewige houttrappe is ingebou om die verspoeling uit te skakel; hierna word deur 'n verligte stapper wat die vorige toestand van die paadjie geken het, verwys as "die wonderwerk van Fernkloof."

Ons Vrydagaand-gesprekke is baie gewild by lede. Laat weet ons asseblief as daar enige onderwerpe is wat u gedek wil hê, of as u sprekers in gedagte het. Peter Slingsby en Amida John se boek oor T.P. Stokoe wat die onderwerp was van 'n boeiende gesprek, het pas die lig gesien en ons kopie is nou in die Botsoc biblioteek. Dit is genotvolle leesstof.

Dié wat onlangs die wandelpaaie om Hermanus geloop het, sou agtergekom het dat dit skyn asof lente hierdie jaar buitengewoon vroeg gekom het; blomme wat normaalweg eers later gesien word, is reeds vol in die blom. Die fynbos is altyd vol verrassings, altyd onvoorspelbaar en altyd pragtig!

**Pat Miller**

## HET JY GEWEET?

- Sewe na-bo-gerigte grondligte is deur die welwillendheid van Hospice en die Munisipaliteit in die amfiteater geïnstalleer; ook kragpunte vir 'n groot orkes.
- Die sanderige, gebrande hang bokant Hermanus Heights het uitgebars in kolle wilde viooltjies wat wissel van die ligste tot die diepste blou. Ryke blomdraende ligroos *Amphithalea virgata* en geel *Struthiola confusa* vergesel die *Viola decumbens*.
- Die enigste inheemse aalwyn van die Suidwes-Kaap, *Aloe succotrina*, blom in rotsgleuwe en in die Fernklooftuin. Dit is vernoem na die eiland Socotra in die Indiese oseaan waar versamelaars verkeerdelik gemeen het dat die aalwyn sy oorsprong daar gehad het. Daar word beweer dat Alexander die Grote die eiland verower het om toegang te verkry tot sy aalwee-voorraad.



## FERNKLOOF KWEKERY

Koop al jou inheemse plante  
by die  
"LENTE PLANT- VERKOPING"  
Blomme en Eko-fees

17-20 September  
09h00 - 17h00

### DAGBOEKDATUMS

**Donderdag 17 tot Sondag 20 September**

**Hermanus Blomme en Eko-fees** 09h00 - 17h00

Kom kyk na die blomme- en eksemplaaruitstallings, koop plante by die inheemse kwekery, kyk na die tentoonstellings in die Eko-markiestent en kom sit dan aan vir heerlike tee of middagetete. KOM VERSEKER!

**Vrydag 16 Oktober 19h00**

Ted Oliver, wêreldberoemde kenner van ericas, skrywer, botaniese wetenskaplike en fotograaf, sal om 19h00 'n geïllustreerde praatjie oor ericas in die Fernkloofsaaal lewer.

### BLOMMESKOU Vrywilligers benodig:

#### 1. Hulp benodig in die Kwekery:

Fernkloof kwekery benodig vrywilligers om the help met verkope en die hantering van kontant by ons heel eerste lente uitverkoop

Indien u kan help, sal Jack innig dankbaar wees. Laat weet hom asseblief as u 'n uurtjie of twee kan afstaan by tel. 028 312 2985

2. Daar word ook hulp benodig met die pluk van eksemplare vir die blomme uitstalling by die Blommeskou. Ons benodig mense wat redelik fiks is en wat redelike afstande kan stap, met tye redelik hoog in die berg op. Die pluk van voorbeelde gebeur in die week voor die skou. Bel vir Lee Burman 028 3123011

3. Indien jy voorstelle het van enige ander wyse waarop jy betrokke wil raak of enige ander hulp kan verleen kan jy asb vir Christa Clark by die Botaniese Vereniging kantoor bel Tel 028 313 0819

Vir enige bydraes tot/terugvoer oor die nuusbrieff, skakel asseblief die redakteur Sandy Jenkin by:

[botsochermanus@telkomsa.net](mailto:botsochermanus@telkomsa.net)

Hermanus Botaniese Vereniging,  
Postnetsuite 167,  
Privaatsak X16,  
Hermanus 7200, Tel: 028-313 0819